

Verrassings in die arbeidsmark

TWEE verslae wat onlangs vrygestel is, bevat verrassende inligting oor die SA arbeidsmark. Die eerste, deur Andrew Levy and Associates (ALA), dui aan tot watter mate militante gedrag deur vakbonde afgeneem het. Die tweede, die SA Reserwebank se Kwartaalverslag, vertel 'n verstommende storie oor arbeidsproduktiwiteit.

Eers vakbond-militantheid. Andrew Levy se data toon dat in die jaar 2000 dispute in slegs 17,4% van alle loononderhandelinge verklaar is; nog belangriker, dat slegs 1,6% van alle loononderhandelinge in stakings geëindig het.

Meer as 98% van loononderhandelings word dus besleg sonder stakings; meer as 80% sonder die verklaring van 'n dispuut. 'n Mens is geneig om hierdie perspektief te verloor wanneer die aandnuus oorheers word deur tonele van stakende – en soms gewelddadige – sekuriteitswagte.

Hierdie afname in militantheid vind ook neerslag in die omvang van loonsverhogings. Loon-onderhandelings is in 2000 op gemiddeld 7,5% geskik. Dis laer as die 8,3% van die vorige jaar. En ook minder as die CPIX – die koers wat die Reserwebank vir inflasieteikens gebruik.

Die staat het hierin 'n beduidende rol gespreel. Verhogings in die staatsdiens is op 6,5% vasgehou, ten spyte van groot druk deur die staatsdiensvakbonde. In 1999 het die regering ook sy loonverhogings vasgehou, weer eens tot gramskap van die vakbonde. Dit lyk dus nie asof Cosatu se bondgenootskap met die ANC enige rand-en-sent-voordele vir Cosatu-lede in die staatsdiens het nie.

Dan is daar arbeidsproduktiwiteit. Die Reserwebank se Kwartaalverslag bevat interessante statistiek wat oor die afgelope 30 jaar strek.

In die dekade sewentig (1970 – 1979) het arbeidsproduktiwiteit toegeneem met 0,27% per jaar vir 'n opgelope totaal van 2,75% in die dekade.

Kan nie eintlik swakker wees nie, né?

Verkeerd.

In die jare tagtig (1980 – 1989) het die groei in arbeidsproduktiwiteit verswak na slegs 0,18% per jaar vir 'n opgelope totaal van 1,87% in die hele dekade.

In die jare negentig het 'n massiewe ommekeer plaasgevind. Waar arbeidsproduktiwiteit in die vorige twee dekades met 2,75% en 1,87% *per dekade* verbeter het, het dit in die jare negentig met 3% *per jaar* verbeter! Die opgelope totaal vir die dekade was 33,6%.

Dié verbetering is grootliks te danke aan die vloedgolf globalisering wat sedert die begin van die jare negentig oor die wêreld gespoel het, en SA veral na 1993 met volle krag getref het.

As hierdie patroon gehandhaaf word, beteken dit dat ons in die dekade 2000 – 2010 weer verbeterings van 33% en meer kan sien.

En wat is die kanse daarvoor? Ek dink heel goed. Die druk op die private sektor om mededingender te word, gaan nie afneem nie. Inteendeel.

Die EU-ooreenkoms en die onlangs ooreengekome SADC-ooreenkoms, wat 'n vryehandelsgebied in Suider-Afrika skep, gaan nog meer mededinging vir die SA private sektor skep. Ondernemings sal toenemend moet meeding met Afrikalande, waar die lone laer is, of Europese firmas, waar produktiwiteit hoër is. Die arbeidsmark sal daarby aanpas.

Die openbare sektor – veral op die vlak van plaaslike owerhede – het reeds begin en gaan in die volgende paar jaar nog meer uitkontraakteer en sub-kontraakteer. Die beplande privatisering van Telkom en Eskom; die reorganisering van die Poskantoor deur 'n Nieu-Seelandse konsortium; en veranderinge in die reusagtige Transnet-stal gaan produktiwiteit in die openbare sektor 'n reuse-hupstoot gee.

Natuurlik is daar derduisende klerke en andere in die staatsdiens wat minder as niks doen. Maar hulle was nog altyd daar. Ten minste verander dinge in ander areas van die openbare sektor wel, en dit verhoog produktiwiteit.

Die vakbonde gaan nie hierdie beweging stop nie. Sedert die middeljare negentig het die vakbonde minder belangrik geword in die politieke ekonomie. Hulle kon nie die verbetering in arbeidsproduktiwiteit in die jare negentig stop nie. Hulle kon ook nie die reuse-veranderinge in Johannesburg se munisipaliteit – bekend as Egoli 2002 -- stop nie. Hulle kan ook nie die veranderinge wat reeds by ander plaaslike owerhede begin het, stop nie.

Hulle gaan nog baie raas, maar dit lyk nie asof hulle die basiese patroon kan omkeer nie.

Die keersy van hierdie produktiwiteitsverbeteringe is natuurlik afdankings en afleggings. Verbeterde produktiwiteit beteken eenvoudig dat minder mense dieselfde of selfs meer werk doen. Hoe hoër die produktiwiteit, hoe minder mense is nodig om dieselfde werk te doen. Eenvoudig gestel, hoe meer 'n firma se produktiwiteit verhoog, hoe minder mense hoef hy in diens te hê.

Daarom is die koerante vol berigte dat sowat 500 000 mense sedert die middeljare negentig hul werk verloor het.

Dit is die keersy van verhoogde produktiwiteit. As sodanig, en op 'n perverse manier, is dit goeie nuus.

Die enigste manier om ryker te word, is om produktiewer te wees. Daar is nie eintlik 'n kortpad nie.

Teen die tempo van die jare sewentig en tagtig (2,75% en 1,87% per dekade) was die kanse om ryker te word, bitter skraal. Dit was bloot die verskansing van apartheid wat die illusie van rykdom geskep het. Die oomblik toe apartheid begin verkrummel het, het die volle omvang van ons armoede sigbaar geword. Bedelaars in die strate, oorvol skole en hospitale, gate in die paaie ... basies te veel mense vir te min geld.

Verbeterde arbeidsproduktiwiteit help om algemene produktiwiteit te verbeter. En hoër produktiwiteit skep meer welvaart. Dit is nou net 'n geval van aanhou.

Oorspronklik in Insig gepubliseer, Februarie 2001.